# Die GRONDWET van die Verenigende Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika

## 1. Die Naam

Die naam van die vereniging is "Die Verenigende Christen-Studentevereniging van Suid Afrika" (VCSV) en "The Uniting Christian Students' Association of South Africa" (UCSA).

## 2. Regspersoonlikheid

2.1 Die VCSV is 'n nie-rassige, multikulturele en interdenominele vrywillige Christelike vereniging wat op belydenisgrondslag staan.

2.2 Die VCSV is 'n regspersoon en vereniging sonder winsoogmerk en is as sodanig die draer van regte en verpligtinge, en bates en laste, en beskik oor die bevoegdheid om in eie naam te dagvaar en gedagvaar te word.

2.3 Die VCSV se inkomste en eiendom is nie aan sy lede of ampsdraers uitkeerbaar nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste gelewer;

2.4 Die lede of ampsdraers het geen regte in die eiendom of ander bates van die VCSV bloot uit hoofde van die feit dat hulle lede of ampsdraers van die VCSV is nie;

2.5 Die VCSV sal voortbestaan ondanks veranderinge in die samestelling van sy lidmaatskap of ampsdraers;

2.6 Die VCSV soos verteenwoordig deur die toepaslike VCSV rade, het alle bevoegdhede om die doelstellings soos vervat in hierdie grondwet uit te voer.

## 3. Belydenisgrondslag

3.1 Ons glo in die drie-enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) wat almagtig is en ewig bestaan.

3.2 Ons glo in die soewereiniteit van God wat die mensdom na sy eie beeld geskape het.

3.3 Ons glo in Jesus Christus, die Verlosser, die Seun van God en dat Hy die Here is van elke faset van die samelewing en mense se persoonlike lewens. Deur Sy dood en opstanding ontvang ons vergiffenis van ons sonde en word ons versoen met God en ons naaste.

3.4 Ons glo in die Heilige Gees wat mense beweeg tot sondebelydenis, hulle heilig maak deur sy inwonende krag en deur hulle die samelewing vernuwe.

3.5 Ons glo dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, waardeur Hy Homself en sy wil aan ons openbaar en die finale gesag is. Ons aanvaar die Bybel as die bron van die waardes en norme waarop ons lewens en die samelewing gebou moet word. Die boodskap van die Bybel is tot die hele mensdom gerig en daardeur spreek die Heilige Gees tot mense van elke kultuur sodat hulle die waarhede daarin kan begryp.

3.6 Ons glo aan die Heilige Algemene Kerk wat saamgestel is uit mense wat Jesus Christus opreg bely as Verlosser en Here. Hy bind ons saam as lede van sy liggaam tot 'n eenheid wat reik oor alle grense soos ras, geslag, taal of kultuur en stuur ons uit om die evangelie tot aan die eindes van die aarde te gaan verkondig.

3.7 Ons glo dat God ons roep tot volkome gehoorsaamheid aan Hom in elke faset van ons lewe.

3.8 Ons glo dat Jesus Christus weer kom om die lewende en die dode te oordeel en vir ewig te heers as Koning.

## 4. Doelstellings / Missie

4.1. Die vereniging wil in afhanklikheid van die Here:

- die eer en verheerliking van God Drie-enig altyd in alles voorop stel;
- hierdie Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, soos in sy Woord geopenbaar, aan jongmense verkondig;
- lede aanmoedig om hul geloof in Jesus Christus as die enigste Verlosser van die wêreld te bely en om as dissipels van Jesus Christus te leef;
- met die oog op bogenoemde, lede aanspoor tot getroue Bybelstudie en gebed;
- lede begelei tot geestelike volwassenheid deur onderlinge geloofsgemeenskap rondom die Woord;
- lede aanmoedig om op elke terrein van die lewe in woord en daad getuies vir Christus te wees;
- lede help om met 'n Bybel-gefundeerde, konsekwente en Christus-gesentreerde lewensbeskouing die eise van die dag waarin ons lewe te benader;
- by lede 'n sensitiwiteit ten opsigte van die nood van hulle medemens kweek en hulle aanspoor om vir geregtigheid, vrede en versoening in die samelewing te werk;

- by lede lojaliteit aan hulle eie kerk inskerp en hulle help opbou tot meelewende lidmate van hul onderskeie kerke;
- verhoudings met kerke en instansies wat die doelstellings van die VCSV ondersteun, ontwikkel;
- ’n Christelike teenwoordigheid op die kampusse van alle opvoedkundige inrigtings in Suid-Afrika daarstel;
- lede aanspoor tot goeie en sinvolle verhoudings met die lede van ander Christelike verenigings wat in die breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag as die VCSV het;
- versoening en eenheid onder alle Christenstudente nastreef;
- lede motiveer en mobiliseer tot diens en die uitbreiding van die Koninkryk van God oor die hele wêreld;
- werk tot die herstel van eenheid met die susterverenigings van die VCSV en ander verenigings wat in breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag het;
- ’n medeverantwoordelikheidsin, spanwerk en leierskap in teenstelling met ’n individualistiese tydsgees by lede aanmoedig;
- ’n Skrifgefundeerde kritiese ingesteldheid op die lewe met al sy fasette by lede aanwakker en bevorder, en selfondersoek en openhartigheid onder mekaar aanmoedig.

4.2 Dit word van alle personeel, raads- en komiteelede verwag om die beginsels eie aan die aard van die VCSV, die belydenisgrondslag en die doelstellings soos beskryf hierbo, volledig te onderskryf en hulle te verbind aan die daadwerklike bevordering daarvan.

## 5. Verhouding tot Skole en Tersiêre Inrigtings

5.1. Die VCSV as vereniging van leerders en/of studente streef te alle tye na goeie verhoudinge met die onderwysowerhede op alle bestuursvlakke.

5.2. Takke van die VCSV word in oorleg met hoofde en die verantwoordelike beheerliggame van opvoedkundige inrigtings gestig.

5.3. Die interne toesig oor die werksaamhede van ’n VCSV-tak geskied dus, in ooreenstemming met die grondwet, deur hoofde en/of die betrokke beheerliggaam in samewerking met die verantwoordelike onderwyser / verteenwoordiger van die VCSV.

## 6. Verhouding tot die Kerk

Die VCSV:

6.1 wil, mag en kan nooit die werk van die kerke aan hulle jeug vervang nie, maar bied aan lede die geleentheid om in skole en tersiêre inrigtings onderling oor die Woord van die Here te besin en om die opdragte daarin te verwesenlik;

6.2 erken as vrye Christelike vereniging die toesig van kerke oor hulle lidmate;

6.3 wil tot diens van die Kerk wees in die strewe om lede te roep tot geloofskeuses vir Christus ten opsigte van hulle leefwêreld en om hulle as dissipels van Christus toe te rus;

6.4 beskou dit as die taak van kerke om hulle lidmate leerstellig toe te rus;

6.5 moedig leraars van kerke wat verteenwoordigend is van ’n beduidende getal lede van ’n tak aan om betrokke te raak by die geestelike leiding op plaaslike vlak;

6.6 streef na die goedgesindheid van en positiewe samewerking met kerke met ’n belangstelling in die werksaamhede van die VCSV;

6.7 onderneem om in die program- en studiemateriaal wat deur die VCSV vir lede beskikbaar gestel word, en in die styl waarin aktiwiteite aangebied word, leerstellige aspekte waaroor daar verskil van mening tussen belanghebbende kerke mag wees, te vermy;

6.8 moedig takke of aksies van die VCSV wat nie op die kampusse van skole of tersiêre inrigtings bestaan of plaasvind nie, aan om met die tersaaklike plaaslike kerke te skakel;

6.9 verwag van alle persone wat leiding in die vereniging en/of by aktiwiteite van die vereniging neem, om op geen wyse tydens groepbesprekings of enige ander aktiwiteite of byeenkomste van die vereniging, in stryd met die belydenisgrondslag van die vereniging op te tree of toe te laat dat twis oor leerstellige sake ontstaan of dat aktiwiteite beoefen word waaroor meningsverskil tussen kerke mag ontstaan nie;

6.10 vereis dat kerke nie VCSV-aktiwiteite gebruik om lidmate te werf nie;

6.11 moedig lede en kerke se verteenwoordigers aan om die Bybelse beginsels van verdraagsaamheid, wedersydse konsiderasie en wedersydse geestelike verruiming te handhaaf in die gesamentlike verkeer van lede van verskillende kerkverbande.

## Algemene vereniging en strukture

## 7. Lidmaatskap

7.1 Lidmaatskap van die vereniging is oop vir leerders en studente, opvoeders, doserende personeel, ander persone wat in die vereniging behulpsaam is of was en enige oud-lid of ondersteuner wat hom- of haarself met die belydenisgrondslag en doelstellings van die VCSV kan vereenselwig, sowel as diegene wat in voltydse diens van die vereniging staan, ongeag die persone se kerkverband.

7.2 Persone sluit op ’n vrywillige basis by die vereniging aan en die VCSV se teikengroep is hoofsaaklik leerders en studente. Volwassenes kan aansluit as aangewese lede.

7.3 Die kategorië van lidmaatskap, wyse van aansluiting, wyse van organisering en ledegeld word deur die Nasionale Raad vasgestel.

7.4 Lidmaatskap van die vereniging kan te eniger tyd deur die Nasionale Raad opgesê en ook geweier word, met opgaaf van redes.

7.5 Lidmaatskap word skriftelik beëindig op grond van optrede of gedrag wat na die oordeel van die voorsitter van die Nasionale Raad strydig is met enige bepaling van hierdie grondwet of enige besluit van die Nasionale Raad. Sodanige beëindiging sal slegs geskied nadat die lid ’n redelike tyd gegun is om redes aan te voer waarom die lid se lidmaatskap nie beëindig moet word nie.

7.6 Indien ’n lid se lidmaatskap ooreenkomstig paragraaf 7.4 hierbo beëindig word, is sodanige lid daarop geregtig om na die Nasionale Raad te appelleer teen die besluit. Die skriftelike kennisgewing van appèl moet die voorsitter teen nie later nie as twintig (20) kalenderdae ná die datum van beëindiging van lidmaatskap bereik.

7.7 By die oorweging van die appèl is die Nasionale Raad daarop geregtig om sodanige bykomende inligting in te win as wat na die oordeel van die Nasionale Raad nodig kan wees om tot ’n regverdige en billike beslissing te kom.

7.8 Persone wat nie formeel by ’n tak aansluit nie kan nogtans die VCSV byeenkomste bywoon, maar sonder stemreg.

## 8. VCSV Strukture

### 8.1. Die Algemende Jaarvergadering (AJV)

8.1.1. Die Algemende Jaarvergadering verteenwoordig die lede van die VCSV, soos afgevaardig deur onderskeie Provinsiale of gebiedsrade en is verantwoordelik vir die funksies soos vervat in die grondwet.

8.1.2. Die AJV word soos volg saamgestel:

- Drie verteenwoordigers, waarvan een verkieslik die voorsitter, uit elke Provinsiale- of gebiedsraad;
- die Uitvoerende Hoof, met stemreg en
- die lede van die voltydse bestuurspan in adviserende hoedanigheid.

8.1.4. Elke stemgeregtigde moet in besit wees van 'n geloofsbrief wat deur die Provinsiale- of gebiedsraad uitgereik is.

8.1.5. Geen volmagstemme ("proxy") word toegelaat nie.

8.1.6. Die AJV ontmoet ten minste een keer per jaar en die Nasionale Raad bepaal die wyse, datum en plek.

8.1.7. Die voorsitter, en in sy/haar afwesigheid die ondervoorsitter, lei die AJV.

8.1.8. In hoogs uitsonderlike gevalle mag 'n buitengewone AJV byeen geroep word op besluit van die Nasionale Raad of op aandrang van 'n derde van die dienende lede op die Nasionale Raad.

8.1.9. Een meer as die helfte van die aantal dienende lede vorm 'n kworum. Besluites sal geneem word deur middel van die lig van hande of, indien so besluit word deur die AJV, deur middel van 'n geheime stem.

8.1.10. Die Nasionale Raad wys 'n sekretaris aan wie volledige notules sal hou van alle algemene jaarvergaderings en wie ook rekord moet hou van alle lede teenwoordig by die vergaderings. Dit kan 'n voltydse personeellid wees, wat dan sonder stemreg sal wees.

8.1.11. Redelike reis- en verblyfkoste word teen die tarief waarop die Nasionale Raad besluit, betaal aan afgevaardiges vir die AJV.

8.1.12. Algemene Jaarvergaderings kan kontak-, aanlyn óf hibridiese vergaderings wees, onderworpe daaraan dat alle lede van die vergadering alle ander lede kan hoor en vryelik aan besprekings kan deelneem ooreenkomstig 'n prosedure wat die Nasionale Raad bepaal.

8.1.13. Kennisgewings van AJV vergaderings moet minstens sestig dae voor die tyd aan die lede gestuur word. Van buitengewone vergaderings word dertig dae vooraf kennis gegee.

8.1.14. Agendas en werkstukke van gewone vergaderings moet, indien moontlik, veertien dae voor die vergaderdatum uitgestuur word. Laatstukke mag met goedkeuring van die vergadering in behandeling geneem word.

8.1.15. Sake vir behandeling deur die AJV mag deur enige lid van die AJV, of Provinsiale of gebiedsrade, ingedien word. Welke sake en verslae moet die Nasionale Kantoor minstens een en twintig dae voor die vergaderdatum bereik.

8.1.16. Notules van vergaderings moet, indien moontlik, binne sestig dae ná die vergadering aan alle lede gestuur word.

8.1.17. Die Algemene Jaarvergadering:

- verkies elke drie jaar uit eie geledere en per geslote stembrief ’n voorsitter en onder-voorsitter;
- stel elke 3 jaar die Nasionale Raadslede aan;
- het die reg om Raadslede te verwyder;
- keur die missie en algemene bereidsrigting van die VCSV goed soos voorgelê deur die Nasionale Raad;
- keur die oorhoofse strategiese beplanning en bestuur van die vereniging soos voorgelê deur die Nasionale Raad goed;
- neem beskrywingspunte wat die Grondwet raak in oorweging;
- neem kennis van die geouditeerde finansiële verslae soos goedgekeur deur die Nasionale Raad;
- wys onafhanklike ouditeure aan om die finansiële sake van die vereniging te oudit.

**8.2. Nasionale Raad (NR)**

8.2.1. Die Nasionale Raad is die beleidmakende liggaam in die VCSV en neem gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir besluite wat gemaak word. Die verskillende Provinsiale of gebiedsrade word onder meer in die NR verteenwoordig.

8.2.2. Die NR word soos volg saamgestel:

- Die voorsitter en onder-voorsitter soos gekies deur die AJV;
- ’n Verteenwoordiger uit elke Provinsiale of gebiedsraad soos verkies deur die AJV.
- Die Uitvoerende Hoof, met stemreg.

8.2.3. Lede van die Bestuurspan van die VCSV sit as waarnemers in die NR en is by minstens een vergadering per jaar, wanneer strategies beplan word, almal teenwoordig. Vir ander vergaderings bepaal die sakelys watter lede van die voltydse bestuurspan teenwoordig moet wees.

8.2.4. Lede wat deur die NR verkies word, se dienstermyn van 3 jaar strek oor dieselfde periode as dié van die AJV. Elke gebied moet ook sekundi vanuit hulle verteenwoordigers nomineer wat dan deur die AJV verkies word.

8.2.5. Die NR vergader ten minste twee keer per jaar.

8.2.6. Die voorsitter kan ŉ buitengewone vergadering van die NR belê, en is verplig om sodanige vergadering te belê as ten minste ŉ derde van lede van die Raad dit skriftelik versoek, ten einde enige belangrike, dringende saak te bespreek en te beslis.

8.2.7. Die NR bepaal die prosedure tydens vergaderings sowel as die vergaderings van die komitees, maar algemene vergaderings prosedures word as die norm beskou.

8.2.8. Vergaderings van die NR kan kontak-, aanlyn óf hibridiese vergaderings wees, onderworpe daaraan dat alle lede van die vergadering alle ander lede kan hoor en vryelik aan besprekings kan deelneem ooreenkomstig ŉ prosedure wat die NR self bepaal.

8.2.9. Een meer as die helfte van die dienende stemgeregtigde lede van die NR vorm ’n kworum.

8.2.10. Die NR benoem ’n raadsekretaris. Dit mag ’n voltydse personeellid wees wat sonder stemreg die vergaderings bywoon en notules hou.

8.2.11 Die uitvoerende gesag, beheer en verantwoordelikheid van die VCSV berus by die NR en het onder andere die volgende bevoegdhede –

- neem verantwoordelikheid vir die aanstelling van die Uitvoerende Hoof en enige ander uitvoerende poste;
- stel regelemente vir die raadskomitees op;
- bly in noue voeling met die Provinsiale of gebiedsrade en Nasionale komitees, ontvang gereeld verslae van hul werk en bedien hulle waar nodig van advies;
- bevorder goeie en sinvolle verhoudings en samewerking met ander Christelike verenigings wat in die breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag as die VCSV het;
- vaardig, wanneer nodig en moontlik, persone af na enige plaaslike of buitelandse konferensie waarby die VCSV kan baat;
- ken erelidmaatskap van die VCSV toe, na die gemotiveerde voorstelle van Provinsiale of gebiedsrade of Nasionale komitees;

- behartig enige ander saak wat direk of indirek betrekking het op die werksaamhede van die VCSV;
- neem jaarliks die finansiële state en begrotings van die VCSV vir bespreking en goedkeuring ter tafel.

**8.3. Nasionale raadskomitees**

8.3.1. Nasionale raadkomitees word saamgestel deur die NR om hulle met die nakoming van hulle pligte te help asook om na die gespesialiseerde belange van die VCSV om te sien.

8.3.2. Komitees funksioneer ooreenkomstig die reglement van die komitee.

8.3.3. Die NR het die volgende staande komitees:

- Bate Komitee (BK) – verantwoordelik vir oorsig oor alle bates van die vereniging en spesifiek die kampterreine en optimalisering van komersiele aktiwiteite.
- Oudit/ Risiko Komitee (ORK) – verantwoordelik vir oorsig oor die finansiële bestuur en identifisering van risiko's.
- Menslike Hulpbrone Komitee (MHK) – verantwoordelik vir die oorsig oor menslike hulpbron prosesse en bestuur.
- Bedieningskomitee (BDK) – verantwoordelik vir oorsig en advies oor die bedieningstaak en -aksies van die vereniging.
- Uitvoerende Komitee (UK) – verantwoordelik vir die operasionele bestuur van die vereniging onder die leiding van die Uitvoerende Hoof.

8.3.4. Die voorsitter van elke komitee moet deur die NR aangestel word. Met die verstaan dat die Uitvoerende Hoof die voorsitter van die Uitvoerende Komitee sal wees.

8.3.5. Die NR kan enige persoon as 'n lid van 'n komitee aanstel en by die aanstel van lede van die gespesialiseerde komitees moet daar spesifiek gekyk word na die kundigheid wat `n persoon het om die komitee te help in die uitvoering van sy pligte. Met die verstaan dat die Uitvoerende Hoof die verantwoordelikheid het vir die samestelling van die Uitvoerende Komitee.

8.3.6. Die voorsitter van die NR en die Uitvoerende hoof is *ex oficio* lid van elke komitee van die raad.

8.4. **Ampsdraers**

8.4.1. Die voorsitter, ondervoorsitter en alle ander ampsdraers van die NR of NR komitees beklee hulle ampte vir drie jaar.

8.4.2. Die voorsitter sit voor op alle vergaderings van die NR, en het by sodanige vergaderings slegs ŉ beslissende stem.

8.4.3. In die voorsitter se afwesigheid tree die ondervoorsitter as voorsitter op, en in die ondervoorsitter se afwesigheid wys die NR deur middel van ŉ meerderheidsbesluit ŉ waarnemende voorsitter aan.

8.4.4. Die voorsitter verrig alle take en verantwoordelikhede wat hierdie grondwet of die NR aan hom/haar opdra. In die voorsitter se afwesigheid verrig die ondervoorsitter sodanige take en verantwoordelikhede, en in die onder¬voorsitter se afwesigheid, ŉ lid van die NR wat die NR vir daardie doel aanwys.

8.4.5. Indien die voorsitter voor die verstryking van sy/haar termyn die amp sou neerlê, wys die NR deur middel van ŉ meerderheidsbesluit een van sy lede aan om die amp tot die verstryking van die betrokke termyn te beklee.

8.4.6. Die NR wys ŉ tesourier aan en het ook die gevoegdheid om ‘n kundige vir die doel te met stemreg te koopteer. Die tesourier is ook die voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee.

8.4.7. Die tesourier is verantwoordelik om toe te sien dat finansiële rekords ooreenkomstig hierdie grondwet en finansiële bestuurspraktyke gehou word. Uitvoerende Komitee (UK) het die taak op dit operasioneel te bestuur.

## 8.5 Uitvoerende Komitee (UK)

8.5.1. Die UK is aanspreeklik teenoor en doen verslag aan die NR en AJV.

8.5.2. Die UK funksioneer onder voorsitterskap van die Uitvoerende Hoof, het die uitvoerende funksie van die beleid soos bepaal deur die NR en moet uitvoering gee aan besluite wat deur die NR en AJV geneem word.

8.5.3. Die UK is verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van die vereniging, en alle dringende sake, en doen skriftelik by die NR daaroor verslag. Die UK is by magte om enige funksies te verrig om sy pligte behoorlik uit te voer.

8.5.4. Die Uitvoerende Hoof belê die vergaderings sodanige tyd en plek as wat die Uitvoerende Hoof bepaal.

**8.6. Provinsiale en gebiedsrade**

8.6.1. Die VCSV beskik oor ŉ provinsiale of gebiedsraad vir elke provinsie van Suid-Afrika waar die VCSV lede het en aktief werksaam is.

8.6.2. Elke provinsiale of gebiedsraad word saamgestel uit verteenwoordigers van die streke/gebiede van die provinsie. Verteenwoordigers word genomineer by provinsiale kampe of provinsiale VCSV byeenkomste en die name word deur die Uitvoerende Hoof aan die NR voorgelê vir aanstelling vir ŉ termyn van drie jaar.

8.6.3. Elke provinsiale of gebiedsraad bestaan uit `n minimum van 5 lede en die samestelling moet verteenwoordigend wees die gemeenskappe wat die organisasie bedien. Daar moet ten minste een leerder op elke raad verteenwoordig wees en hierdie leerder kan jaarliks aangestel word na gelang van behoefte.

8.6.4. Die provinsiale of gebiedsrade funksioneer kragtens ŉ reglement wat die NR goedkeur en alle werksaamhede van die provinsiale of gebiedsrade is ondersteunend tot die NR se pligte en werksaamhede.

**8.7. Provinsiale en gebiedsrade**

**Samestelling en rol:**

8.7.1. Die VCSV beskik oor ŉ provinsiale of gebiedsraad vir elke provinsie van Suid-Afrika waar die VCSV lede het en aktief werksaam is.

8.7.2. Elke provinsiale of gebiedsraad word saamgestel uit verteenwoordigers van die streke/gebiede van die provinsie. Verteenwoordigers word genomineer by provinsiale kampe of provinsiale VCSV byeenkomste en die name word deur die Uitvoerende Hoof aan die NR voorgelê vir aanstelling vir ŉ termyn van drie jaar.

8.7.3. Elke provinsiale of gebiedsraad bestaan uit `n minimum van 5 lede en die samestelling moet verteenwoordigend wees die gemeenskappe wat die organisasie bedien. Daar moet ten minste een leerder op elke raad verteenwoordig wees en hierdie leerder kan jaarliks aangestel word na gelang van behoefte.

8.7.4. Die provinsiale of gebiedsrade funksioneer kragtens ŉ reglement wat die NR goedkeur en alle werksaamhede van die provinsiale of gebiedsrade is ondersteunend tot die NR se pligte en werksaamhede.

Provinsiale of gebiedsrade het beheerfunksies en onder seker omstandighede ook operasionele funksies. In hul beheer (*governance*) rol bied Provinsiale en

gebiedsrade toesig om te verseker dat organisasiebeleide nagekom word binne die organisasie se langtermynstrategieë. In hul operasionele rol ondersteun hulle die uitvoering onder die direkte gesag van die Uitvoerende Hoof en die Provinsiale Bestuurder, sonder om in te meng met die daaglikse bestuur, tensy formeel deur die NR goedgekeur.

Hierdie balans tussen beheer- en operasionele betrokkenheid verseker dat provinsiale of gebiedsrade effektief bydra terwyl hulle die beginsels van aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid volgens die King-beginsels van goeie korporatiewe bestuur handhaaf.

8.7.5. Die organisasie se Uitvoerende Hoof is verantwoordelik om toe te sien dat daar behoorlike oorlegpleging en kommunikasie met elke provinsiale en gebiedsrade is.

**Die funksies van provinsiale of gebiedsrade:**

8.7.6. Beheer funksie (*governance function*):

Provinsiale of gebiedsrade sal dien as komitees van die NR, met hul primêre funksie om toesig en advies binne hul onderskeie provinsies te bied. Hul verantwoordelikhede sluit die volgende in:

- Verseker dat die organisasie se visie, waardes en doelwitte nagekom word.
- Voorsien van strategiese advies aan die NR oor provinsiale behoeftes, insluitend personeelvereistes, provinsiale prioriteite, programme en produkaanbiedings.
- Bydra tot goeie korporatiewe bestuur deur deel te vorm aan aanstellingspanele vir provinsiale personeel, en deur te help met die identifisering en werwing van kandidate.
- Monitering en evaluering van die prestasie van provinsiale aktiwiteite en die voorsiening van aanbevelings aan die NR.
- Pastorale en emosionele ondersteuning aan provinsiale personeel.
- Ontvang kwartaallikse verslae deur provinsiale personeel.

8.7.7. Operasionele funksie:

Provinsiale of gebiedsrade mag ook 'n rol speel in die operasionele bedrywighede van die organisasie, maar slegs onder die gesag van die HUB, soos verteenwoordig deur die provinsiale bestuurder en onderhewig aan die

operasionele beleide van die organisasies. Operasionele verantwoordelikhede mag die volgende insluit:

- Fondswerwingsinisiatiewe om provinsiale en nasionale aktiwiteite te ondersteun.
- Organisering en bestuur van provinsiale geleenthede, soos kampe, konferensies en uitreikprogramme.
- Hulp en bystand in die uitvoering van provinsiale strategieë soos deur die Provinsiale Bestuurder aangedui.

8.6.7 Indien 'n provinsiale of gebiedsraad addisionele operasionele verantwoordelikhede wil aanvaar, soos die bestuur van 'n kampterrein of soortgelyke bates, mag hulle jaarliks aansoek doen by die NR vir goedkeuring vir die funksies vir die daaropvolgende jaar. Die NR sal die provinsiale of gebiedsraad se kapasiteit, vaardighede en kennis evalueer voordat sodanige verantwoordelikhede gedelegeer word.

8.6.8 Indien 'n Provinsiale Raad addisionele operasionele verantwoordelikhede aanvaar het en nie die verantwoordelikheid ten volle aanvaar en uitvoer nie, kan die NR dit met onmiddellike effek terugtrek nadat die provinsie die geleentheid gegee is om vertoë te rig waarom die funksies nie teruggetrek moet word nie.

## 9. Finansies

9.1. Die NR het die reg om vir die VCSV:

- eiendom (hetsy roerend of onroerend) te bekom of te vervreem, of op enige ander wettige wyse daarmee te handel;
- om rekeninge te open, en geld te belê of te onttrek; en
- om lenings aan te gaan of roerende óf onroerende eiendom as sekuriteit vir lenings aan te bied.

9.2. ‘n Eiendom of eiendomme wat deur die NR aangekoop of ontvang word, word oorgedra of geregistreer in naam van die Verenigende Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika.

9.3. Alle dokumente wat nodig mag wees in verband met die huur, verhuur, oordrag, verkryging en ontvangs van oordrag van die eiendomme, die passer, die sessie, substitusie, aflossing of gedeeltelike betaling van ‘n verband deur of ten gunste van

die VCSV, asook alle ander dokumente wat nodig mag wees vir die behoorlike uitvoering van hierdie artikel, word geteken en uitgevoer deur enige twee van die persone daartoe gemagtig deur die NR.

9.4. Die NR het die reg om enige bates van die VCSV, van watter aard ook al, te beheer en te belê volgens die alleen goeddenke van die raad.

9.5. Die NR is daarop geregtig om enige kontrak aan te gaan wat in belang van die VCSV mag blyk te wees, volgens die alleen goeddunke van die NR.

9.6. Die NR is daarop geregtig om toelaes, salarisse of vergoeding te betaal vir enige doeleindes wat na sy oordeel nodig is om die vereniging na behore te laat funksioneer of die vereniging se doelstellings na behore te bevorder.

9.7. Die NR mag enige donasies gemaak aan die erenining aanvaar en dit behou in die vorm soos ontvang of dit verkoop en die opbrengste belê of donasies van die hand te wys.

9.8. Die aanvaarding van donasies gemaak aan die VCSV en om dit te behou in die vorm soos ontvang of dit te verkoop en die opbrengste te her-belê of te handel daarmee volgense skenkingsvoorwaarde, met dien verstande dat geen skenking aanvaar mag word wat:

- deur die skenker herroep kan word;
- of waar voorwaardes opgelê word wat die skenker of enige verbonde persoon daarop geregtig sal maak om 'n direkte of indirekte voordeel uit daardie skenking te verkry;
- of wanneer daar enige wanvoorstelling gemaak is met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid van daardie skenking kragtens artikel 18A.
- bots met die grondwet en doelstellings van die VCSV nie.

9.9. Enige twee van die persone daartoe gemagtig deur die NR het die mag om alle dokumente wat nodig mag wees vir enige van die voormelde doeleindes namens die VCSV te onderteken. Die NR het die reg om namens die verening in enige hof geregtelike stappe in te stel of te verdedig en twee van die persone deur die NR daartoe gemagtig, het die mag om alle dokumente wat hiervoor nodig mag wees, te onderteken.

9.10. Die NR sal ‘n bankrekening open in die naam van die VCSV by ‘n geregistreerde bank. Die Nasionale Raad sal verseker dat alle gelde soos ontvang

deur die VCSV gedeponeer word in gemelde bankrekening so spoedig moontlik na ontvangs daarvan.

9.11. Die VCSV se boekjaar strek van 1 Januarie tot 31 Desember.

9.12. Die VCSV se finansiële transaksies geskied deur middel van ŉ bankrekening by ŉ erkende en goedgekeurde finansiële instelling waarop die NR van tyd tot tyd kan besluit.

9.13. Daar word rekord gehou van ál die VCSV se inkomste en uitgawes, en bates en laste, ooreenkomstig erkende rekeningkundige praktyk.

9.14. Geen geld van die vereniging word aan enige persoon uitbetaal nie, behalwe in die loop van die beoefening van die openbare weldaadsaktiwiteite van die VCSV soos in bogenoemde doelstellings beliggaam.

9.15. Die Uitvoerende Komitee stel jaarliks ŉ finansiële verslag op en lê dit vir goedkeuring aan die Oudit en Risikomitee voor wat dit aan die NR voorhou..

9.16. Dit is die Uitvoerende Komitee se plig dat daar van al die finansies van die VCSV behoorlik boekgehou word en moet die geouditeerde finansiële state wat 'n tydperk van 12 maande dek so spoedig moontlik, maar binne drie maande na die einde van elke boekjaar (1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar), aan die Oudit/Risko Komitee voorlê vir aanvaarding. Die UK moet ook toesien dat alle personeel en vrywilligers in ooreenstemming met die VCSV se finansiële prosedures handel.

9.17. Die NR is verantwoordelik om toe te sien dat alle rade en komitees in ooreenstemming met die VCSV se finansiële prosedures handel.

## 10. Kennisgewings en vereistes van die Grondwet

10.1. Kennisgewings wat kragtens hierdie grondwet uitgestuur word, sal as behoorlik gestuur beskou word indien dit per gewone of elektroniese pos afgestuur word sodat dit die geadresseerde betyds behoort te bereik.

10.2. Onopsetlike versuim om enige kennisgewings van enige vergadering aan enige lid te stuur, sal nie die verrigtinge van daardie vergadering ongeldig maak nie.

10.3. Die AJV sal bevoeg wees om enige onopsetlike versuim om enige vereiste van die grondwet na te kom, te kondoneer, maar sal nie bevoeg wees om enige opsetlike versuim deur vergaderings, amptenare of lede te kondoneer nie.

## 11. Ontbinding

11.1. Die VCSV kan ontbind word mits minstens twee derdes van die stemgeregtigde lede van die AJV daartoe besluit mits daar minstens veertien (14) dae vooraf skriftelik kennis gegee is van die voorstel dat die vereniging ontbind.

11.2. Die Algemene Jaarvergadering sal met meerderheidstem besluit oor die aanwending van die bates van die VCSV, met dien verstande dat die bates slegs oorgedra kan word aan ’n nie-winsgewende organisasie vir die bevordering van die Christelik-geestelike belange van die jeug in ooreenstemming met die doelstellings van die VCSV, welke instansie ook vrygestel moet wees van die betaling van inkomstebelasting, belasting op geskenke en boedelbelastings en met dien verstande verder dat geen lid van die VCSV enige reg of aanspraak sal hê ten opsigte van enige bate van die VCSV by ontbinding nie.

11.3. Bates of die opbrengs daarvan sal slegs oorgedra word soos in paragraaf hierbo nadat alle uitstaande bedrae betaalbaar aan personeellede en krediteure van die VCSV uitbetaal is.

11.4. Sodanige besluit ter ontbinding sal bindend wees teenoor al die lede van die VCSV en geen lid of raadsliggaam van die VCSV sal uit die hoofde van sodanige besluit enige eis of aanspraak hoegenaamd verkry teenoor die VCSV, of enige ander lid of enige raadsliggaam van die VCSV nie.

## 12. Samesmelting

12.1. Die VCSV kan met ’n ander vereniging saamsmelt mits minstens twee derdes van die stemgeregtigde lede van die AJV daartoe besluit.

12.2. Die bates van die VCSV sal ná vereniging die gesamentlike bates van die verenigde vereniging wees; en ten opsigte van vaste eiendomme moet al die nodige registrasiehandelinge in die Akteskantoor gedoen word om die eiendomsreg van die verenigde vereniging in die titelakte(s) te reflekteer.

12.3. Sodanige besluit van samesmelting sal bindend wees teenoor al die lede van die VCSV en geen lid of raadsliggaam van die VCSV sal uit hoofde van sodanige besluit of vereniging enige eis of aanspraak hoegenaamd verkry teenoor die vereniging, of enige ander lid of enige raadsliggaam van die vereniging nie.

## 13. Wysiging van die Grondwet

Enige bepaling van hierdie grondwet kan by ŉ vergadering van die NR gewysig word, onderworpe aan die volgende:

13.1 Dat die lede van die NR kennis ontvang van sodanige voorgenome wysiging minstens veertien (14) dae voor die vergadering waar die wysiging oorweeg sal word, tensy die NR by sodanige vergadering ŉ korter kennistydperk goedkeur.

13.2 Dat twee derdes van die stemgeregtigde lede by sodanige vergadering ten gunste van die wysiging stem.

13.3 Die gewysigde grondwet moet vir kennisname aan die AJV voorgelê word.

Bylaag A

**Verklaring van terminologie**

“provinsiale rade” verwys na die nege geografiese provinsies van Suid-Afrka
“gebiedsrade” verwys na ’n raad wat uit meer as een provinsie van Suid-Afrka bestaan waar daar nie ’n provinsiale raad of rade vir die provinsies is nie.

“die Kerk” verwys na die Christelike Kerk in die algemeen soos vergestalt in ’n verskeidenheid van denominasies.

“kerke” verwys na spesifieke Christelike denominasies.

“verenigings” ’n algemene term wat verwys na verenigings, kerke, liggame, bewegings, ens in die breër sin.

“adviserend” persone met sodanige stem mag ten volle aan debatte in vergaderings deelneem maar mag nie stem nie.

“waarnemerstatus” persone met hierdie status woon vergaderings as waarnemers by, mag nie deelneem aan debatte of stem nie, maar kan op versoek spreekbeurte neem.

“spoedeisende sake” dit is sake wat dringend aandag verdien, nie tot die magte van meerdere vergaderings beperk is nie en wat skade vir die vereniging sou bring as dit nie vinnig hanteer word nie.

“versuim” wanneer ’n lid of amptenaar van die vereniging nalaat om enige handeling wat aan hom opgedra is, uit te voer.

“buitengewone gevalle” dit is omstandighede wat nie normaalweg voorkom nie, maar wat spesifieke optrede vereis om die beste belang van die Koninkryk en die vereniging te dien.

“VCSV byeenkomste” enige goedgekeurde geleentheid wat in die naam en onder die vaandel van die VCSV georganiseer en aangebied word.

“Geloofsbrief” verwys na ŉ skriftelike bewys van wettige benoeming deur die provinsiale- of gebiedsraad uitgereik.